Bloemfontein Baptiste Kerk

Saam groei ons tree vir tree

# Koning Stories Deel 4 – Koning Joas

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

***"Conviction is worthless unless it is converted into conduct." - Thomas Carlyle***

**Wat is jou oortuiging van ons Here vandag?**

______________________________________________________

| | |
|---|---|
| 1 Konings 22:41-51<br>2 Kronieke 17:1 – 21:1 | Koning Josafat |
| 2 Konings 8:16-24<br>2 Kronieke 21:2-20 | Koning Joram |
| 2 Konings 8:25 -9:28<br>2 Kronieke 22:1-9 | Koning Ahasia |
| 2 Konings 11-12<br>2 Kronieke 22:10 – 24:7 | Koning Joas |

**Opsomming van die Konings tot en met Koning Joas**

1. Koning Josafat - 25 Jaar regeer in Jerusalem, Het reg gedoen in die oë van die Here. Het in sy Pa Asa se voetspore gevolg, Vrede bewaar met die koning van Israel en Tempelprostitute uit die land verban.

2. Koning Joram - 8 jaar regeer in Jerusalem. Verkeerde pad geloop, nie in sy pa se voetspore nie en nie binne God se wil nie. Getroud met Atalia. Hy het nie in vrede geleef met die konings van Edom nie.

3. Koning Ahasia - 1jaar regeer in Jerusalem. Hy het die verkeerde pad geloop soos sy pa. Het nie in vrede geleef met ander konings nie.
4. Koningin Atalia - Regeer vir 6 jaar in Jerusalem. Ma van Ahasia.

5. Koning Joas - Word koning op 7 jaar. Regeer saam met Priester Jojada vir 40 jaar in Jerusalem. Bring vernuwing deur nuwe verbond met God en die volk.

**Bestudeer 2 Konings 11-12 en 2 Kronieke 22:10-24:7**

**Wat dink jy was die oortuig wat Koning Joas oor God gehad het? Hoekom?**

**Hoekom dink jy het Koning Joas se lewe se drasties verander na die dood van Priester Jojada?**

**Lesse uit die lewe van Koning Joas:**

## 1. Wees versigtig met wie invloed het in jou lewe!

- **Spreuke 13:20 - Wie met wyse mense omgaan, kry self wysheid; wie hom met dwase ophou, word self sleg**
- **1 Korintiërs 15:33 - Moet julle nie langer laat mislei nie: "Slegte geselskap bederf goeie sedes/waardes.**
- **Psalms 1:1-2 - Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.**

**Wie is die mense wat jou nader na God toe help en wat bydrae en toevoeg in jou lewe? Erken hulle! Wees dankbaar vir hulle! Wees goed vir hulle!**

## 2. Lewe met oortuiging!

- **Hebreërs 11:1 - Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.**
- **Hebreërs 11:6 - As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon.**
- **Psalms 1:3 - Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.**
- **2 Timoteus 3:16-17 - Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, 17sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.**

**Koning Joas op die einde van sy lewe was heel moontlik nie persoonlik oortuig van God nie maar meer oortuig omdat die priester oortuig was. Van wat is jy vandag in oortuig in ons Here? Of is jou oortuigings gebaseer op wat ander mense om jou oor God te sê het?**

## 3. Weet hoekom is dit JOU oortuiging

- **2 Korintiërs 13:5 - Stel julleself op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe. Besef julle dan nie SELF dat Christus Jesus in julle is nie?**
- **1 Tessalonisense 5:19-22 - Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie. 20Moenie profesieë geringskat nie, 21maar toets dit alles, behou wat goed is, 22en bly weg van alles wat sleg is.**

**Kry vir jou skrif/waarheid wat oortuigings kweek en vestig in jou lewe!**
**Lys hier die verse wat jou persoonlike oortuigings bevestig en geloof in jou lewe bly bou!**

- ___________________________________
- ___________________________________
- ___________________________________
- ___________________________________
- ___________________________________

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groentyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groentyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**